# Die kommunikatiewe struktuur in eietydse gereformeerde prediking – van liniêre na sirkulêre gang?

F.W. de Wet
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: fritz.dewet@nwu.ac.za

**Abstract**

**Communicative structure in contemporary reformed preaching – from linear to circular process?**

*Reformed preaching stems from a tradition in which Scripture has been viewed as the primary source for composing a sermon (the Sola Scriptura principle). In this tradition a sermon is composed starting with the exposition of the text, and then proceeding to the application of its message in the context of contemporary listeners. This process may lead to the perception that the communicative structure of this kind of preaching functions in a linear fashion. Since the second half of the twentieth century ever-stronger critical voices have surfaced against a linear communicative structure in preaching, and a tendency to emphasise listeners' needs has manifested itself. Hermeneutical interchange between text and listener in the process of understanding has become the prime concern. The result of this new focus has been a growing trend among homiletical scholars to define and qualify the communicative structure in a sermon as a circular process. Taking note of critical voices against the traditional linear model, it is thus attempted to investigate the possibility of a third way – a way in which the authority of the message of the biblical text with the unchanging truth that proceeds from it, as well as the uniqueness of the situation of contemporary listeners is fully taken into account. The point of departure is taken in a spatial model in which the simultaneous action of listening to the text as well as to contemporary listeners is anchored in an underlying depth-*

*structure, that is, the pneumatological anchoring of faith in the living Christ.*

**Opsomming**

**Die kommunikatiewe struktuur in eietydse gereformeerde prediking – van liniêre na sirkulêre gang?**

*Gereformeerde prediking spruit voort uit 'n tradisie waarin die primaat van die Woord (die Sola Scriptura-beginsel) beklemtoon word. In prediking word beweeg vanaf 'n verklaring van die Bybelteks in sy konteks na die konteks van die hoorder. Gevolglik kan die persepsie ontstaan dat hierdie soort prediking in 'n liniêre kommunikatiewe struktuur opgaan. Sedert die tweede helfte van die twintigste eeu het kritiese stemme toenemend opgegaan teen die liniêre inkleding van prediking, want die kommunikatiewe effektiwiteit van 'n liniêre struktuur is in twyfel getrek. Daar is toenemend klem gelê op hoordersbehoeftes en die hermeneutiese wisselwerking in die verstaansproses tussen teks en hoorder het in die kollig gekom. Die gevolg van hierdie wisselwerking was 'n toenemende tendens wat in homiletiese denke na vore gekom het, naamlik om die kommunikatiewe struktuur van die preekmaakproses in 'n sirkulêre gang te laat opgaan. In hierdie artikel word dus gepoog om in die lig van kritiek teen die liniêre model 'n derde weg te soek. Met hierdie derde alternatief word gepoog om die volgende aspekte tot hulle volle reg te laat kom: die teks met die gesag van die boodskap daarvan, die onveranderlike waarheid wat in die Bybelteks opgesluit is, asook die hoorder en die uniekheid van die konteks waarin hy hom bevind. As vertrekpunt word aangesluit by 'n ruimtelike model waarin luister na die teks sowel as na die hoorder in 'n dieptestruktuur geanker word, naamlik in 'n Pneumatologiese geloofsverankering in die lewende Christus.*

# 1. Inleiding

## 1.1 Prediking as 'n liniêre proses

- Die hart van die tradisionele gereformeerde benadering tot prediking (met sy wortels in die denke van die 16de-eeuse Reformasie) bestaan in die geloofsbelydenis dat God aan die Woord kom in die prediking. Volgens die Sola Scriptura-vertrekpunt is die teks van die Skrifgeworde Woord die enigste bron waaruit God aan die Woord kom. Venter (1996:14) stel die implikasie van hierdie benadering vir die preekmaakproses ondubbelsinnig en duidelik:

Geen homileet uit die Protestantse, meer spesifiek die gereformeerde, tradisie sal die stelling bevraagteken dat een van die eerste stappe in die preekmaakproses is, om by die eerste teks in konteks te begin.

- Die gevolg van hierdie benadering is dat prediking ’n kenmerkende “uitleg-toepas”-struktuur openbaar. Die teks van die Skrifgedeelte word in die oorspronklike konteks daarvan verklaar en die implikasies van die boodskap van hierdie bepaalde teksgedeelte word op die lewe van die hedendaagse hoorders toegepas (vgl. Hoekstra, 1926:299). Prediking kry sodoende die aard van verkondiging (Dingemans, 1996:129). Hierdie bepaalde gerigtheid en inkleding van prediking kan daartoe aanleiding gee dat die kenmerkende beweging vanuit die teks na die situasie van die hoorder as liniêr getipeer word: ’n liniêre beweging van bo na onder waarin God deur sy Woord deur die preek met die gemeente praat om die gemeente toe te rus om hulle dienswerk in gehoorsaamheid aan God uit te voer (vgl. Van der Walt, 1985:11). Vos (1995:128) dui aan hoe ’n normatief-deduktiewe benadering ’n beweging uit die teks is wat voorskriftelike reëls vir die praksis van die preek gee. Hierdie liniêre benadering verhef die teks (volgens Vos se mening) tot die enigste faktor in die preekmaakproses. Volgens hierdie uitlegmodel word die eintlike of geldige betekenis van die Bybelse teks deur die preek vrygestel.
- Kritiese stemme het sedert die tweede helfte van die vorige eeu tot in die huidige tyd toenemend begin opgaan teen hierdie benadering, asook teen die liniêre konnotasie wat daaraan geheg word. Vanuit teologiese kringe is kritiek uitgespreek teen prediking waarin aan die hoorder nie die geleentheid gegee word om die eintlike problematiek in sy lewe na vore te bring nie. Lange (1976:57 e.v.) meen dat die relevansie van ’n preek nie gesetel is in formele kriteria soos biblisiteit, konfessionaliteit of amptelikheid nie. Relevansie is ’n ervaringskategorie. Die eintlike vraag is of dit vir die hoorder duidelik word hoe die belofte van die evangelie met sy lewe saamhang, hoe dit die werklikheid van sy alledaagse lewe verander. Oor die relevansie van die preek gee die hoorder uitsluitsel.

## 1.2 Twintigste-eeuse veranderinge

- Die hedendaagse mens is blootgestel aan verskillende veranderinge wat ook soms deurwerk na die manier waarop

hy/sy reageer op inligting wat aan hom oorgedra word – ook die inhoud wat in die preding oorgedra word.

- **Veranderde kommunikasiestrukture**

In die Westerse samelewing van die laat twintigste eeu het ’n verandering in kommunikasiestrukture plaasgevind. In hierdie tydsgewrig word massamedia soos die gedrukte media, televisie en internet dominant in die Westerse kultuur. Televisie gee byvoorbeeld ’n oorvloed inligting deur middel van snel veranderende beelde. Hierdie manier van aanbieding plaas die onus op die kyker om nie soseer te soek vir inligting nie, maar om te kies waarby hy aanklank kan vind. Hierdie tipe aanbieding vra nie van die kyker om ’n goed geordende argumentasielyn te volg nie (soos gebruiklik in die liniêre aanbieding van tradisionele prediking nie), maar eerder om deel te neem in die proses van leer wat ontsluit word deur die nie-liniêre aanbieding van gegewens (Runia, 1981:10). Dit word al hoe meer gebruiklik in die samelewing dat die oordrag van inligting nie monologies deur eenrigtingverkeer aan ontvangende hoorders gekommunikeer word nie, maar dat die oordrag van inligting by wyse van gespreksgroepe en werkgroepe bemiddel word. Daar word gekom tot ’n verrykte verstaan by wyse van ’n sensitiewe aanvoeling van die ander se mening en begrip van die geestelike problematiek waarmee hy worstel.

- **Die rol van eie ervaring**

Die postmoderne mens het ’n weersin ontwikkel in die paternalistiese manier waarop “gesagvolle” prediking van bo af vir hom voorskryf hoe hy moet glo en wat hy moet doen. Sy eie ervaring is vir hom die kriterium vir wat geldend is vir sy lewe. “Today postmodernity says: All you can believe is what’s in your own heart, count on intuition and faith, give up on the idea of truth, have an experience instead” (Johnston, 2001:9). Postmoderniteit bied homself aan as die triomf van situasiebepaaldheid oor onbetrokke objektiwiteit (vgl. Vanhoozer, 2005:92).

- **Interaktiewe omgang met ’n teks**

Verskeie veranderinge het daartoe meegewerk dat homilete begin vra het of prediking nie eerder in ’n sirkulêre model aangebied behoort te word nie. Postmoderne hoorders is byvoorbeeld blootgestel aan verskillende veranderinge: veranderinge in teologiese besinning, kommunikasiestrukture en geestesklimaat. Verder werp nuwe metateoretiese insigte uit die taalfilosofie ook lig op die interaktiewe aard van die verklaarder se omgang met ’n teks.

Hiervolgens vind 'n horisonversmelting plaas tussen die oorspronklike teks en die konteks van die hedendaagse leser. Vos (1995:129) kies in aansluiting by Henning Luther vir 'n sirkulêre kommunikatiewe model. (Luther tipeer die grondvorm van prediking naamlik as gesprek in die sin van 'n kommunikatiewe handeling tussen mense – vgl. Pieterse, Greyling & Van Rensburg, 2004:89).

## 1.3 'n Sirkulêre kommunikatiewe model

Volgens die sirkulêre kommunikatiewe model ontstaan 'n preek nie deur monologiese afleiding uit 'n teksoorsprong nie, maar in die interaksie en wisselwerking tussen prediker, hoorder en tema/teks. Hierdie benadering doen volgens Vos reg aan die sprekende God, die prediker en die hoorder as S(s)ubjekte in die preekhandeling. 'n Preek is dan 'n dialoog tussen S(s)ubjekte. In die gesprek gee die prediker nie monologiese antwoorde nie, maar in dialoog met alle deelnemers word die antwoorde geweeg en heroorweeg. Die preek mag nie outoritêr en eensydig wees nie, maar moet antwoorde help vind. Dingemans (1996:129) vra met watter reg predikante 'n *boodskap* kan *verkondig*. Is hulle teksinterpretasie nie ook subjektief nie? Trouens, ook die hoorders is in elke oomblik verskillend. Hulle kom met verskillende "ikken" en "zelven" na die kerk. Teenoor 'n kommunikatiewe struktuur waarin preke 'n (normatiewe) uitleg van die teks moet gee, stel Dingemans (1996:131) die gedagte van preke wat verskillende perspektiewe moet ontsluit – perspektiewe waarmee die hoorders self verder moet werk. Omdat tekste 'n geheim bevat, kan mense verskillende waardes of betekenisse daaraan ontleen.

## 1.4 Kritiese stemme

Die gereformeerde homileet kan nie die kritiese stemme teen die tradisionele aanbieding en strukturering van prediking ignoreer nie. Predikers behoort met eerlike selfondersoek en onderskeidingsvermoë met hierdie kritiese stemme om te gaan ten einde die eietydse inkleding van hulle eie benadering tot prediking te verantwoord. Die noodsaak van eerlike selfondersoek en kritiese onderskeidingsvermoë kom duidelik na vore in die denke van Stott (1982:143) wat in reaksie op die hedendaagse hoordergesentreerde benadering sê:

> I wish we conservatives shared this incentive, and were ourselves neither so entrenched in our antique cliches, nor so offensively complacent about our failure to communicate. What is sad about the liberals is that in discarding the ancient

> formulations they tend also to discard the truth formulated, and so to throw out the baby with the bathwater. On the one hand, conservatives are biblical but not contemporary, while on the other hand liberals and radicals are comtemporary but not biblical.

In aansluiting by die gees en gesindheid wat uit bogenoemde gedagtes van Stott blyk, word in hierdie artikel gepoog om die tradisionele aanbieding en strukturering van die prediking (soos dit in die gereformeerde homiletiek na vore kom) te ondersoek. Terselfdertyd word die navorsingsvraag gestel of daar in die manier waarop hierdie tradisionele homiletiese benadering uitgekristalliseer het, nie sprake is van ’n oorvereenvoudigde struktuur wat nadere omlyning benodig nie.

## 1.5 Omlyning van basiese navorsingsvrae

- Behoort die tradisionele aanbieding en strukturering van die prediking wat op die oppervlakte ’n eenrigtingverkeer impliseer en ’n monologiese struktuur het, nie ook verkennend te fokus op die onderliggende dialogiese struktuur wat kenmerkend is van die geloofskommunikasie tussen God en sy mense nie? Sou die antwoord op kritiek teen die tradisionele aanbiedingswyse van prediking nie daarin geleë kan wees om ’n liniêre kommunikatiewe struktuur om te skakel in sirkulêre kommunikasie nie? Of sou daar ’n derde weg moontlik wees? Met so ’n derde moontlikheid word aan die een kant gewaak teen ’n monotone monologie waarin ’n boodskap klaar geformuleer vanuit die teks net meganies op die hoorder se situasie toegepas moet word. Aan die ander kant word met hierdie derde moontlikheid ook gewaak teen ’n kommunikatiewe struktuur waarin die *Sola Scriptura*-beginsel in gedrang kom deurdat die Woord begrens word deur die antwoorde op vrae wat deur die hoorder self geformuleer is.
- Word die kontinue elemente in die hermeneutiese wisselwerking tussen die Bybelse teks in sy konteks en die hedendaagse homileet en hoorder nie te sterk beklemtoon in die tradisionele gereformeerde benadering nie? So ’n beklemtoning kan veroorsaak dat die diskontinue elemente (die konteksbepaaldheid en eiesoortigheid van die huidige situasie) in die proses nie genoeg aandag kry nie. Word daar eerlik rekening gehou met die situasiebepaaldheid of verstaanshorison waarmee die homileet/verklaarder na die teks kom? Word die boodskap van die preek so gerig dat dit teen presies die regte invalshoek op die verstaanshorison van die hoorder kom?

Hierdie navorsingsvrae en die nadere omlyning daarvan word vervolgens as volg aangepak:

- Die onderliggende teoretiese uitgangspunte vir die kommunikatiewe struktuur van die tradisionele gereformeerde prediking word ondersoek.
- Onlangse homiletiese werke waarin gepoog word om in die lig van die eietydse konteks ’n dialogiese kommunikatiewe struktuur vir homiletiese teorie te ontwikkel, word nagegaan.
- Daar word gepoog om tot ’n verantwoording en nadere omlyning te kom van ’n eie benadering van die kommunikatiewe struktuur in eietydse gereformeerde prediking.

## 2. Onderliggende teoretiese beginsels

In hierdie onderafdeling word gepoog om die onderliggende teoretiese beginsels vir die kommunikatiewe struktuur van tradisionele gereformeerde prediking aan te toon.

### 2.1 *Sola Scriptura*-beginsel – vertrekpunt vir homiletiese denke

Die belangrikste onderliggende teoretiese beginsel waarmee rekening gehou moet word om die kommunikatiewe struktuur van die tradisionele aanbiedingswyse van gereformeerde prediking te verstaan, is die *Sola Scriptura*-beginsel. Die Woord van God (soos dit in die Heilige Skrif op skrif gestel is) bevat die wil van God volkome en alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, word voldoende daarin geleer. Niks mag daarby gevoeg word nie en niks kan daarvan weggeneem word nie (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7; vgl. Van Wyk, 2005:177). In die homiletiese denke van Calvyn word beklemtoon dat die prediker niks anders mag sê as wat in die Skrif geopenbaar en opgeteken is nie (vgl. Parker, 1992:22).

Nie alleen die volkomenheid van die Heilige Skrif as Woord van God nie, maar ook die skeppingsmagtige werking wat daarin opgesluit is, is ten diepste die grondslag vir gereformeerde homiletiese denke. Die gereformeerde elán is vervul met ’n diep respek vir die Heilige Skrif as die Woord van God, met die gepaardgaande eerbied vir die dinamiese mag van die Woord deur die prediking as middel tot heilsgebeure. Die geheim van prediking volgens Reformatoriese oortuiging is dat die sprekende God agter die prediker staan. In die Woord word die stem van God self *(vivae ipsae Dei voces*) deur die gelowige hoorder waargeneem (Parker, 1992:3). Deur die prediking

heen voltrek Hy die geheimenis van die dinamiese arbeid van die skeppende en verlossende Woord. Soos die Woord van God sonder ophou besig is om die skepping in stand te hou en die geskiedenis te laat voortstu, so is dieselfde Woord besig om die God van skepping en versoening bekend te maak wanneer die boodskap van die Heilige Skrif in die erediens verkondig word.

## 2.2 Hoe om die boodskap van die prediking te probeer bepaal

’n Beginpunt om die boodskap van die prediking te probeer bepaal, lê in ’n geldige en verantwoorde verstaan van die Woord in sy oorspronklik konteks.

Een van die kernvereistes vir die goeie (geldige) verstaan van die Skrif volgens die gereformeerde benadering is dat die teks altyd binne sy konteks gelees en verstaan moet word (Van Wyk, 2005:180). Die taak van die homileet begin daarmee om die boodskap van die teks soos dit aan die oorspronklike lesers gerig is, na te speur. Die enigste geldige beginpunt vir die bepaling van die boodskap van ’n preek lê in die korrekte verstaan van die bedoeling van die Gees in die oorspronklike konteks.

Om tot ’n verantwoorde verstaan van die Skrif te kom is die *bibliologiese konteks* volgens die gereformeerde benadering die vertrekpunt. Die teks word gelees binne ’n bepaalde hoofstuk/ perikoop, die hoofstuk binne ’n bepaalde boek, die boek binne ’n bepaalde Testament, die bepaalde Testament binne die totale Skrif (vgl. Van Wyk, 2005:180). Om seker te maak dat die teks verantwoord verstaan word, word nie alleen na die onmiddellike konteks gekyk nie, maar ook na die konteks van die hele Skrif. Die Skrif word in die Reformatoriese benadering as ’n lewende eenheid gesien. Die *Sola Scripura*-beginsel van die 16de-eeuse Reformatore korreleer met die *tota Scriptura*-beginsel. Gedeeltes van die Skrif word gemotiveerd verklaar en verstaan alleen in die lig van die geheel van die Skrif en die geheel van die Skrif vloei alleen voort uit ’n deeglike verstaan van die onderskeie gedeeltes waaruit dit saamgestel is (vgl. Klooster, 1984:467). In hierdie verband kan gedink word aan die bekende stelling van Abraham Kuyper dat die diens van die *Woord* nie tot ’n diens van *woorde* of ’n bediening van tekste verlaag moet word nie. In die diens van die Woord kom ’n magtige, samehangende inhoud ter sprake, wat in organiese verband in die hele Skrif geopenbaar word (vgl. Runia, 1985:101).

Vir ’n geldige en verantwoorde verstaan van die Skrif behoort volgens die gereformeerde benadering ook rekening gehou te word met die *kultuur-historiese konteks* van die oorspronklike lesers (vgl. Van Wyk, 2005:180). Volgens Runia (1983:63) is ’n belangrike kenmerk van die Nuwe-Testamentiese geskrifte dat hulle gerig is tot bepaalde geloofsgemeenskappe met die bedoeling om leiding te gee in die konkrete geloofslewe van hierdie gemeenskappe. Die Nuwe-Testamentiese geskrifte is nie religieuse traktate waarin die boodskap van verlossing op ’n suiwer objektiewe manier uiteengesit word nie, maar geleentheidsgeskrifte wat geïnisieer is deur die bepaalde situasie waarin ’n geloofsgemeenskap hom bevind het. Die Skrif word deur die homileet ondersoek ten einde die doel waarmee die Skrifgedeelte tot die hoorders in die oorspronklike konteks daarvan gerig is, te probeer vasstel. Die doel (*telos*) van die Skrifgedeelte in die oorspronklike bedoeling daarvan sal rigting-gewend wees vir die uiteindelike doel wat in die preek geformuleer word.

## 2.3 Prediking word gerig en toegepas op die hedendaagse konteks

In die prediking word die Woord gerig op die konteks van hedendaagse hoorders deurdat die prediking die Skrifgegewens toepas. Ook in die manier waarop die hermeneuse ’n brug vorm tussen die konteksgerigte Skriftuurlike inkleding van die Woord en die konteks van die hedendaagse hoorders, speel die *Sola Scriptura*-beginsel ’n deurslaggewende rol in gereformeerde homiletiese denke. Die historiese afstand tussen die eerste hoorders en die latere geslagte word deur God self oorbrug in die mag van sy trou aan Homself en sy verbondsbeloftes. Die brug tussen toe en nou word nie tot stand gebring deur tydlose rasionele of morele waarhede uit ’n historiese bepaalde teks te distilleer nie. Ook word hierdie brug tussen hede en verlede nie gevestig in die konstruksie van analogieë tussen die situasies van die aangesproke mense nie, maar dit kom tot stand langs die weg van die ken van die Here in die konstantheid van sy liefde waarin Hy worstel om die hart van die mens (Trimp, 1982:32).

Hoekstra (1926:299 e.v.) wys daarop dat die sewentiende-eeuse gereformeerde homilete in hulle handboeke keer op keer herhaal het dat die bediening van die Woord bestaan in *explicatio* en *applicatio* van die teks. Deurgaans word die leer van die *usus* in gereformeerde homiletiek gehandhaaf. Die Heilige Skrif is nuttig tot lering, weerlegging, verbetering, tot opvoeding in geregtigheid

(2 Tim. 3:16, 17) en hierdie nuttigheid van die Skrif tree veral na vore in die toepassing van die Woord. Die verklaarde woorde behoort op so 'n manier toegepas te word dat die heilswaarheid nie objektief voorgestel word nie, maar subjektief toegeëien word. Die prediking behoort nie alleen Christus aan te wys nie, maar ook tot Christus te lei, en as't ware die hoorders met die hand te neem en hulle in gemeenskap met Christus te bring. Weens die diepgeworteldheid van die gereformeerde homiletiese denke in hierdie tradisionele onderskeid tussen uitleg en toepassing is dit te verstane dat daar in 'n groot mate aanklank gevind kan word by die hermeneutiese benadering van die sogenaamde "expository preaching". Rosscup (1992:120) wys op die tipiese manier waarmee in "expository preaching" omgegaan word met die begrippe *exposition* en *application*. Die hoofdoel van eksegetiese arbeid is om die Bybelse teks in die oorspronklike historiese, teologiese, kontekstuele, literêre en kulturele konteks daarvan oop te maak. Prediking het die doel om die verklaring (*exposition*) wat uit hierdie proses voortvloei, volgens 'n verantwoorde siening van die oorspronklike bedoeling daarvan toe te pas op die huidige behoeftes van die hoorders in hulle eie kulturele situasie.

Die aktualiteit van prediking word in die gereformeerde homiletiek terugherlei na die volkomenheid van die Woord en die skeppingsmagtige werking daarvan. Aangesien die Here Hom eerstehands deur sy Seun, die vleesgeworde Woord, geopenbaar het (Heb. 1:1), is die woord van die Skrif (met as sentrum die boodskap van die gekruisigde en opgestane Here Jesus Christus) genoegsaam vir God se kerk in alle tye en lande om God aktueel te ken in die aangesig van Jesus Christus. Die aktualiteit is gegee in Jesus Christus wat in die gewaad van die Skrif teenwoordig en werksaam is in die gemeente. Hierdie aktualiteit breek die bysiendheid van die hedendaagse mens, die kortsigtigheid van die bedienaar van die Woord, die eng kaders van menslike vrae na relevansie. Die lig van die lewende Christus, van Wie die Skrifte getuig, onthul sonde en traagheid, blindheid en afgodery, verjaag die twyfel, wanhoop en angs van die mens van vandag en ontsluit die nuwe wêreld wat Hy op Paasfees laat aanbreek het. Die grondslag vir 'n soort prediking, waarin die aangesig van die lewende God op die gemeente skyn (Trimp, 1982:32), lê daarin dat die werk van Christus gehoorsaam bely word en die aard van die opskrifgestelde Woord in ag geneem word.

Die gereformeerde tipering van prediking as bediening van die Woord het teen die agtergrond van die *Sola Scriptura*-beginsel 'n

ingetoë taak. Die toepassing van die boodskap van die Bybelse teks in die konteks van die eietydse situasie hoef nie te geskied deur ’n kunsmatige opwek van ’n dooie woord uit die verlede by wyse van kreatiewe herinterpretasie nie. Bediening van die Woord is die volslae teendeel van die gedagte van kreatiewe herinterpretasie. Bediening is die beskeie taak van die aangee en opdien van voedsel wat klaar voorhande is. Die bediening van die Woord is nie ’n herinterpretasie van die Joods-Christelike geloofsgetuienis in die lig van ’n aktuele situasie nie. Die bediening van die Woord kan nooit ’n soort herlewing van die Woord, ’n bevryding uit die graf van die verlede of uit die bande van skriftelikheid behels nie (Trimp, 1982:23; vgl. Parker, 1992:39).

## 2.4 Die praktiese inkleding van die preekmaakproses

’n Praktiese proses word voltrek wanneer ’n preek gemaak word. In die volgende onderafdeling word dus nagegaan hoe hierdie proses die struktuur van eksegese-hermeneuse-homilese kan aanneem.

Na die verkenning van die onderliggende teoretiese beginsels van die tradisionele benadering tot gereformeerde homiletiek, sou ’n mens kon verwag dat daar in die praktiese inkleding en strukturering van prediking volgens hierdie uitgangspunte, ’n sterk aksent gelê sal word op die Woord wat van bo af met gesag en lewenskrag in die situasie van die hoorder indring. ’n Mens sou verwag dat daar van ’n sterk liniêre lyn sprake sal wees in die kommunikatiewe struktuur wat tot stand kom op grond van die homileet se kommunikasie met die teks en die formulering van die boodskap vir sy hoorders. Die gereformeerde homileet se roeping is dan daarin geleë om die Woord bedienend oop te maak (*explicatio*) en toe te pas op die situasie van sy hoorders (*applicatio*) (vgl. Parker, 1982:79). Die homileet sou dan nie op ’n basis kon staan vanwaar hy kon begin by die situasie van sy hoorders en met hulle worstelinge na die Woord kon gaan en in ’n sirkulêre dialogiese gang van tese en antitese en vraag en antwoord, nuwe sinteses saam met sy hoorders kon vorm nie.

Wanneer die metodologie vir die maak van ’n preek in die tradisionele gereformeerde preekteorie ondersoek word, is dit opvallend dat die lyn van die beweging van teks na die situasie van die hoorder konsekwent gevolg word. Bijlsma (1977:76) verduidelik die klassieke manier waarop die homiletiese proses in die gereformeerde homiletiek voltrek word as ’n proses wat by *exegetica* begin, voortgaan in *hermeneutica* en uitloop op *homiletica*:

- ’n Teks word gekies en in konteks gelees, met inagneming van die groot openbaringshistoriese temas. Die teks word by wyse van grammaties-historiese eksegese oopgemaak en die verkondigingsdoel daarvan word vasgestel en deur ’n gerigtheid op die eerste hoorders verklaar (*exegetica*).
- In die volgende fase van die homiletiese proses word die boodskap van die teks op so ’n manier na die konteks van die huidige lesers oorgebring dat daar op geen manier iets bygevoeg of weggeneem word wat die boodskap aan die eietydse hoorders nie in ooreenstemming stel met die oorspronklike bedoeling van die teks nie (*hermeneutica*).
- In die laaste fase van die homiletiese proses word die inhoud en struktuur van die preek geformuleer. Die tema en gedagtegang van hierdie geformuleerde preek behoort organies uit die verkondigingsdoel en struktuur van die Bybelteks voort te vloei. Die hooflyne en die daarby behorende deelgedagtes moet goed tot hulle reg kom in ’n vorm wat die gemeente direk raak (*homiletica*).

Venter (1996:15) wys daarop dat daar tydens die tweede fase van hierdie homiletiese proses ’n hermeneutiese wisselwerking tussen die preekteks uit die Woord en die teks van die lewe van die hoorders behoort plaas te vind. In hierdie hermeneutiese wisselwerking is dit volgens Venter (1996:20) nodig om te onderskei tussen kontinue lyne en diskontinue lyne. Watter lyne loop vanuit die eerste teks in konteks deur na die wêreld van ons tyd en watter lyne het opgehou? In die tradisionele gereformeerde homiletiek word klem gelê op die kontinue lyne: God wat Homself openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees bly gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde; die verbond met sy kenmerkende indikatief-imperatief-belofte-struktuur bly vir die eietydse hoorders steeds die kenmerkende ruimte waarin die verhouding met God manifesteer, soos dit vir die oorspronklike lesers van die teks die geval was. De Leede (2002:1) wys daarop hoe hierdie beklemtoning van die kontinue lyn daartoe aanleiding gee dat altyd-geldende waarhede geformuleer word wat as so allesomvattend beskou word dat aangeneem word dat die diepste bestaansnood van die hedendaagse mens ook daarin verreken is:

> De geloofstraditie van het gereformeerd protestantisme heeft de bijbelse boodschap vertolkt in de grondwoorden van haar belijdenissen. Die zijn feitelijk dus articulaties van het antwoord op de basale vragen van ons menselijk bestaan. De belijdenis van de predestinatie of de goddelijke voorbestemming zet de

> toon voor ons verstaan van onze afkomst en feitelijk ook voor het verstaan van onze bestemming. De belijdenis van de totale verdorvenheid van de menselijke natuur is in wezen ook antwoord op het raadsel van het kwaad. Het geloof in de hemelse zaligheid of de aanschouwing van God als het eigenlijke doel van het leven is een krachtig antwoord op de basale vraag naar onze bestemming en impliceert een bepaalde wijze van omgaan met de dood.

Die gereformeerde homiletiek het hom tradisioneel goed verantwoord oor die formulering van ongeldige kontinue lyne. Kontinuïteit lê nie tussen dit wat mense in die oorspronklike konteks gedoen het, en wat, wanneer hierdie gebeure toegepas word, tot moralisme en eksemplarisme kan lei nie. Kontinuïteit is geleë in die heilsgeskiedenis van God saam met hierdie mense.

Die vraag is egter of die gereformeerde homiletiek in die proses van teorievorming ook met diepgang aandag gegee het aan diskontinue elemente tussen die teks en die eietydse hoorder. Met diskontinuïteit word bedoel dat daar ook ’n eie stempel is wat op die hedendaagse hoorder afgedruk word deur die tydsgewrig waarin hy leef. Die hedendaagse mens leef in ’n eiesoortige kultuur-historiese konteks waarin hy gekonfronteer word met ’n komplekse, gediversifiseerde samelewing – ’n samelewing waarin met probleme geworstel word wat nie oorvereenvoudig kan word nie en probleme wat ’n unieke verskyningsvorm het (vgl. Runia, 1981:11). De Leede (2001:1) stel die problematiek waarmee eietydse prediking rekening behoort te hou, soos volg:

> Maar ik zie het eigenlijke probleem voor de prediking toch liggen bij de door mij vermoede diepingrijpende verandering in de onderstroom of het grondverlangen van in elk geval de West-Europese mens. Wie ben ik? Waar kom ik vandaan? En waar ga ik naartoe? Die basale bestaansvragen stelt ook hij/zij. Op de plaats van de goddelijke voorbeschikking met alle connotaties die daarmee gegeven zijn, is echter de menselijke zelfbepaling gekomen. Daaraan hangt een prijskaartje. Wordt ons mens-zijn niet overbelast op die manier? Dreigt hier niet de eenzaamheid? Als mens moet je immers zelf invulling geven aan je leven.

Hierdie unieke manier waarop mens-wees oorbelas word in die eietydse konteks kan nie veralgemenend met klaar geformuleerde antwoorde begroet word nie. Diskontinuïteit en die implikasies daarvan vir die kommunikatiewe struktuur in die inkleding van gereformeerde prediking behoort verder verken te word.

## 3. Homiletiese teorie en ’n dialogiese kommunikatiewe struktuur

Uit die voorafgaande bespreking het na vore gekom dat die struktuur van die prediking nie net liniêr behoort te wees nie, maar dat die element van dialoog ook aandag behoort te ontvang. In hierdie afdeling word dus gewys op onlangse homiletiese pogings om in die lig van die eietydse konteks ’n dialogiese kommunikatiewe struktuur vir homiletiese teorie te ontwikkel.

Na die verkenning van die onderliggende teoretiese beginsels wat die kommunikatiewe struktuur van die tradisionele gereformeerde prediking bepaal, kan nou daartoe oorgegaan word om enkele eietydse homilete se uitgangspunte na te gaan. Hierdie eietydse homilete neem hulle vertrekpunt in die gereformeerde tradisie, maar het geworstel met die probleem om hulle prediking in ooreenstemming met ’n kommunikatiewe struktuur so in te klee dat wel verseker kan word dat die boodskap van die preek grondvat in die lewe van eietydse hoorders. In die bespreking word kortliks aandag gegee aan die gedagtegang wat uit homiletiese werke van Klaas Runia en Hennie Pieterse na vore kom.

### 3.1 Klaas Runia: ’n inherent dialogiese struktuur

Runia se benadering tot die preekmaakproses impliseer ’n inherent dialogiese struktuur en ’n kommunikatiewe aanbiedingswyse van die prediking (Runia, 1983:65; vgl. 1981:42) Die preek het ’n dubbele funksie. Aan die een kant moet die preek die Skrif *uitlê* en duidelik maak wat die Bybelskrywer aan sy lesers in hulle konteks en lewenswêreld wil sê. Aan die ander kant is dit die taak van die prediking om die boodskap van destyds te *transponeer* na en te *aktualiseer* binne die situasie van die hedendaagse hoorder in sy/haar konteks. Die twee aspekte van uitleg en aktualisering is nie twee fases wat liniêr op mekaar volg nie, maar is in die homiletiese proses as geheel by mekaar betrokke. Van die begin van die homiletiese proses af behoort die homileet besig te wees met sowel die teks as die situasie van die hoorder. Die lewende Woord van God kom tot sy reg op die snyvlak waar die boodskap van die teks in die konkrete situasie van diegene wat die Woord hoor, ingesny word. Dit kan nie genoeg beklemtoon word hoe deurslaggewend die situasie van die hoorders is in die manier waarop die teks geaktualiseer word nie. Wat die resultaat van die prediker se nadenke oor die implikasie van die teks vir sy hoorder sal wees, kan nie vooraf vasgestel word nie. Die prediker kan dit net uitvind deur versigtig na te dink oor sowel die teks as die situasie van die

gemeente. Wat die resultate van hierdie nadenke sal wees, kan hy ook nie vooraf weet nie. In sommige gevalle sal hy ontdek dat die teks ’n werklik troosvolle boodskap vir die gemeente bevat, naamlik wanneer die situasie van die gemeente roep om vertroosting. In ander gevalle dat die boodskap van dieselfde teks uitdagings stel aan die heersende verstaan en lojaliteite in die gemeente, omdat hierdie verstaan en lojaliteite nie die oorsprong in die evangelie het nie, maar in blote wêreldse konsepte en gesindhede. Verskillende situasies lei tot verskillende maniere van aktualisering.

Op grond van bogenoemde verklaring werk die ou uitleg-toepassing-skema nie meer vir Runia (1983:68) nie. Volgens genoemde skema word begin by eksegese, word gepoog om die boodskap van die teks te formuleer en word dan probeer om dieselfde boodskap op die hoorders se situasie toe te pas. Deurdat die boodskap reeds vasgemaak is vóór die toepassing, word die toepassing niks anders nie as ’n soeke na analogieë en parallelle in die huidige situasie van die gemeente.

Vir Runia is ’n preek *inherent dialogies* wanneer dit die gemeente met sy vreugdes en hartseer, sy vrae en twyfel, sy aspirasies en frustrasies met erns bejeën deur die lig van God se verlossende Woord daarop te laat skyn. Die hoorder is dus nie ’n passiewe ontvanger in die kommunikatiewe gerigtheid van ’n preek nie. Die hoorder se situasie is medebepalend vir die manier waarop die boodskap van die teks gerig word. Prediking is nie eenvoudige eenrigtingverkeer nie, maar vind plaas op die kruispunt van die ontmoeting tussen die Skrif en stemme uit die gemeente en die samelewing. Hierdie ontmoeting is egter nie ’n eenvoudige kombinasie (toepassing? – FWdeW) van die boodskap van die Skrif met die inhoud van al hierdie stemme nie, maar dit gaan om ’n “bloedserieuze” konfrontasie van die Skrif met hierdie stemme (Runia, 1985:104).

Runia (1983:81 ev.) sluit in sy hermeneutiese besinning oor die verhouding tussen die teks in die oorspronklike konteks en die konteks van die hedendaagse hoorder aan by die hermeneutiek van Frör (1961:252) waarin die onherhaalbare situasie waarin die hedendaagse gemeente verkeer, gestel word:

> Die Aufgabe der Predigt und der Unterweisung ist das Übersetzen, das Um-Sprechen der Überlieferung in diese Situation hinein. Diese Situation ist einmalig, unaustauschbar, aber sie ist nicht erstmalig. Das ist die andere Seite der Sache: Innerhalb

> aller Veränderungen und Wandlungen bleibt die geistliche Situation der wandernden Gemeinde immer die gleiche.

Die geestelike situasie waarin die kerk hom op sy pelgrimstog bevind, bevat kontinue elemente met die vorige geslagte gelowiges terug tot in die Bybelse tyd. Die "Einmaligkeit" van die gemeente se situasie word op grond van die feit dat dit tegelykertyd ook nie "estmalig" is nie, in 'n sekere konteks geplaas. Binne hierdie konteks is 'n "Brückenschlag" moontlik wat die teks daadwerklik met die hedendaagse situasie verbind.

Runia (1981:83) beklemtoon dat die boodskap van die preek teen die agtergrond van die diskontinuïteit tussen teks en hedendaagse hoorder nie aangepas mag word by die omstandighede van die nuwe tyd nie. Aanpassing sou impliseer dat die situasie oor die boodskap heers en bepalend is vir wat relevant is. Wanneer van aanpassing sprake sou wees, sou die boodskap vereng en beroof word van kritiese krag. Dit is nie aanpassing wat nodig is nie, maar – in die woorde van Calvyn – akkommodering. Net soos God met die vleeswording van sy Seun diep neergedaal het tot in die werklike situasie van ellende, so laat die Heilige Gees in die prediking die evangelie in die werklikheid van verskillende situasies indaal sonder om die aard daarvan as *skandalon* verlore te laat gaan. Deur akkommodering is dit die lewende stem van God wat in die werklike lewe van die hoorder aan die woord kom. Hierdie Woord dring in tot in die sentrum van die hoorder se bestaan.

Runia (1983:91 e.v.) gee gevolg aan sy gedagte van 'n inherente dialogiese struktuur vir prediking en die akkommodering van die "Einmaligkeit" in die situasie van die hoorder, deur die homiletiese proses deur die volgende fases te laat gaan:

- Die Teks van die Heilige Skrif het primaat. Daar word begin met die lees en herlees van die teks. Die homileet kry die gevoel van die teks. Hy kom tot 'n voorlopige formulering van 'n boodskap.
- Die pole word omgeswaai en daar word probeer om die teks uit die oogpunt van hoorders te beskou. Die homileet vra vrae soos: Hoe sal hulle reageer op hierdie teks en die boodskap wat dit bevat? Sal hulle dink dat hulle dit reg verstaan terwyl hulle dit in werklikheid verkeerd verstaan en nie die volle implikasies daarvan besef nie? Sal die boodskap hulle troos? Of sal dit ergernis opwek? Die homileet stip al die voorlopige antwoorde op hierdie vrae aan. Hy sal dalk die meeste van hierdie voorlopige

antwoorde later moet skrap. Vir Runia is hierdie die mees kreatiewe fase van die preekmaakproses.

- Nadat al die gedagtes versamel is, word weer teruggegaan na die teks. Gedeë eksegese vind plaas. Daar is nie meer soos in die vorige stap sprake van ’n *tabula rasa* nie. Die doel van die eksegetiese arbeid is om te soek na die oorspronklike *kerugma*; die boodskap wat die skrywer vir die oorspronklike lesers wou bring. Die homileet kan egter nie anders as om die geantisipeerde reaksie van sy eie hoorders in herinnering te roep nie.
- Nadat hy die oorspronklike *kerugma* nagegaan het, gaan die homileet nou daartoe oor om die boodskap eksplisiet te herlei na hierdie reaksies van sy hoorders. In sommige gevalle mag die oorspronklike *kerugma* direkte antwoorde gee op die hoorders se moontlike reaksies. In ander gevalle mag dit wees dat die oorspronklike boodskap uiters krities staan teenoor die hoorders se moontlike reaksies. Niemand kan vooraf sê hoe die boodskap die situasie van hoorders gaan ontmoet nie. Die prediker moet uitvind wat gesê moet word in die uitvoering van sy dubbele taak as verteenwoordiger van sowel die teks as sy hoorders.
- Nadat vasgestel is wat in hierdie bepaalde situasie gesê moet word, moet die homileet die doel van sy preek formuleer. Die doel is die formulering van kerugma-in-beweging, naamlik in die beweging daarvan na die situasie toe en in die situasie in.
- Wanneer hierdie doel duidelik gedefinieer is, is die homileet gereed om die raamwerk van die preek te voltooi en, indien nodig, die hele preek uit te skryf.

Runia probeer om met dié aanbiedingswyse van ’n inherent dialogiese struktuur in die preekmaakproses sowel teks as hoorder tot hul volle reg te laat kom. Die primaat van die teks word behou, maar die hoorder word medebepalend in die manier waarop die boodskap van die teks gerig word. Hierdie benadering kom daarop neer dat die teks, na gelang van die situasie waarin die hoorder hom bevind, tweesnydend kan funksioneer. Runia se benadering deurbreek die rigiditeit van ’n eendimensionele, liniêre benadering en kan myns insiens ’n waardevolle bydrae lewer in besinning oor die eietydse aanbieding van gereformeerde prediking.

### 3.2 Hennie Pieterse: die kommunikatiewe proses as spiraal

Hennie Pieterse wys op ’n spiraalgang in die kommunikatiewe struktuur wat tydens die preekmaakproses na vore kom. Pieterse wend die kommunikatiewe struktuur van die hermeneutiese proses in ’n dialogiese vorm aan (vgl. Pieterse, 2001a:78; Pieterse, 2002:90; vgl. Pieterse *et al.*, 2004:91). Volgens hierdie aanbiedingswyse probeer die prediker om ’n dialoog aan die gang te sit tussen die teologiese inhoud van die teks en die hoorders van die preek in hulle lewensomstandighede.

Hierdie struktuur funksioneer nie soos die tradisionele hermeneutiese eenrigtingbeweging “van die teks na die toepassing op die situasie” nie, maar word uitgedruk in ’n proses van wisselwerking van die konteks na die teks en dan van die teks na die preek. In die hermeneutiese proses moet die prediker homself/haarself voortdurend verplaas van die wêreld van die gemeente na die wêreld van die teks, en weer van die wêreld van die teks na die wêreld van die gemeente van vandag. Die prediker as hermeneut is ’n boodskapper wat heen en weer beweeg tussen teks en konteks totdat die twee wêrelde oormekaar skuif en die boodskap van die teks deursigtig word vir die konteks van die gemeente. Daar is interaksie tussen teks as subjek en hoorder as subjek (Pieterse, 2001a:88).

Dit is belangrik om daarop te let dat Pieterse die dialogiese wisselwerking tussen konteks en teks en teks en konteks nie ongekwalifiseerd laat in sy hermeneutiese beskouing nie. In die beweging van eie konteks na die Bybelse teks is die leser konteksbepaald en bevooroordeeld. ’n Deel van die konteksbepaaldheid is daarin geleë dat daar op ’n ideologie-kritiese wyse omgegaan word met die sosiale, politieke en ekonomiese situasie van die eie tyd. In die hermeneutiese proses vind egter ’n *omkeer* plaas in die konfronterende dialoog tussen die leser en die teks. Die gedagte van omkeer is ’n sleutelelement in die hermeneutiese beskouing van Pieterse. Die omkeer vind plaas wanneer die boodskap vanuit die Bybelse teks deur die werksaamheid van die Heilige Gees nuwe wêrelde vir die homileet oopmaak in die verstaansproses; ’n omkeer wat sy voorveronderstellings skaaf, verfyn, nuwe lig daarop laat val of selfs verander. Daar word op ’n kreatiewe wyse op die betekenis van die teks gereageer deur tot ’n vertolking van die boodskap te kom. Met hierdie vertolking kan nuwe lewensmoontlikhede, soos die teks dit aanraak, met inspirasie en hoop verkondig word (Pieterse, 2001a:88, 99; vgl. Pieterse, 2001b:100; Pieterse, 1979:116). Hierdie beskouing van Pieterse laat

die hermeneutiese wisselwerking nie in ’n blote sirkulêre gang opgaan nie, maar buig die proses oop in ’n spiraalgang.

Hierdie manier waarop Pieterse die hermeneutiese wisselwerking sien, vloei onder andere voort uit sy metateoretiese aansluiting by insigte van die taalfilosofie soos dit by Gadamer en Ricoeur tot uitdrukking kom. Daar word vervolgens kortliks aandag gegee aan die manier waarop Pieterse die insigte van hierdie taalfilosowe in sy hermeneutiese insigte verwerk.

### 3.2.1 Gadamer: van *verklaar* na *verstaan*

Gadamer se taalfilosofiese gedagtegang is gebore uit die denkklimaat van die sogenaamde “Nuwe Hermeneutiek”. Een van die hoofkenmerke van die “Nuwe Hermeneutiek” is dat die aksent verskuif van ’n vertrekpunt waarin die hermeneutiek hom besig hou met die beginsels en metodes vir die sistematiese *verklaring* van geskrewe dokumente na ’n vertrekpunt waarin die hermeneutiek opgaan in ’n teorie van *verstaan*. Hierdie teorie van verstaan ondersoek die voorwaardes wat onderliggend is aan verstaan en wil ook die weg baan om verstaan moontlik te maak (Krabbendam, 1984:535). Teenoor die gedagtegang van die Positivisme dat die waarheid ’n objektiewe werklikheid is wat buite ons is, en dat deur logiese, rasionele denke in ooreenstemming gekom moet word met die objektiewe waarheid in die werklikheid, staan die beskouing van Gadamer. Gadamer se siening hou naamlik in dat die verstaan van ’n teks uit die verlede nie losgemaak kan word van die konteks waarin die leser hom/haar bevind nie. Hierdie aanname het die implikasie dat betekenis juis as veranderlik gesien word. Elke veranderde konteks van waaruit die leser die teks lees, het ’n invloed op die verstaan van die teks en die betekenis wat ’n leser aan die teks heg. Verskillende predikers lê in verskillende tye klem op verskillende kante van die teks. Verklaring vind plaas in ’n hermeneutiese sirkel bestaande uit die verskillende historiese kontekste van die teks en die leser. Die hermeneutiese proses word nooit voltooi nie, want betekenis is nie ’n vaste objek nie, maar ’n proses waarin dit in elke nuwe historiese konteks van die lesers betrokke is. Elke historiese konteks vorm sy eie verstaanshorison. Daar is ’n vreemdheid aan die teks vir die leser van die eie tyd. Betekenis en die begryp van betekenis deur die leser verbind teks en leser met hulle eie historiese verstaanshorisonne sodat die horisonne effens oor mekaar skuif en verstaan moontlik word. Juis in die konfrontasie tussen ons voorveronderstellings (die wyse waarop ons dinge sien en die hoek vanwaar ons na die wêreld kyk) en die vreemdheid van die teks se sieninge, geskied die ware

hermeneutiese verstaan (Johnson, 1990:64 e.v.; Krabbendam, 1984:539; Pieterse, 2002:92). Gedrenk in ons eie tydsgees kan ons die teks benader en kan daar, op grond van die teks se andersoortige sieninge, lig vir ons opgaan oor ons eie situasie. Die teks kritiseer dus eietydse idees en kan sodoende 'n invloed ten goede op ons uitoefen (Pieterse, 2001a:81 e.v.)

### 3.2.2 Ricoeur: die eksistensiële situasie van die leser

Ook vir Ricoeur is die sleutel tot die hermeneutiese proses geleë in die eksistensiële situasie van die leser van 'n teks. Wanneer 'n leser 'n verhaal lees, keer die verhaal wat uit die werklikheid van handelinge in die verlede kom, terug na die werklikheid van die leser. Die leser kan die verhaal uit die teks as 'n appèl ervaar, deur die teks tot vernuwing kom, tot handelinge aangespoor word en weer 'n nuwe verhaal uit die vorige maak. Die toe-eiening van die teks is die voorwaarde vir die vind van die betekenis van die teks. Sonder toepassing op die eie situasie het die teks vir 'n spesifieke leser nog geen betekenis nie. Om die teks toe te pas beteken egter nie dat dit aangepas word by die leser nie. Inteendeel, toepassing beteken dat die leser haar/hom moet oopstel vir die wêreld wat die teks aanbied (Pieterse *et al.*, 2004:114). Tekste het meervoudige betekenisse (vgl. Dingemans, 1996:129 – "surplus of meaning"). Tekste laat elke keer op 'n ander wyse wêrelde oopgaan vir lesers in verskillende kontekste. Die hermeneutiese proses van 'n Bybelse teks begin in die eksistensiële situasie van die prediker en die gemeente (Pieterse, 2001a:85 e.v.).

### 3.2.3 Pieterse: teologisering vanuit die praksis oor die praksis

Dit is verder veelseggend dat Pieterse in die nadere formulering van sy eie benadering kennis neem van die hermeneutiese aanpak van bevrydingsteoloë soos Segundo, waarin die bevrydende inslag van teologie en kerk beklemtoon word. Dit word duidelik dat Pieterse nie alleen die Bybelse boodskap in die krities-dialogiese proses ernstig bejeën nie, maar ook krities wil teologiseer vanuit die praksis en oor die praksis. Een van die grondkenmerke van die Bevrydingsteologie is juis dat daarop aangedring word dat teologie nie met teorieë en beskouinge van bo af moet begin nie, maar met die invalshoek van onder af. Die voorstanders van die Bevrydingsteologie voer aan dat die Bybel gelees moet word met die voorveronderstelling dat God vir die armes kies en 'n besondere deernis vir die armes het. Teologie behoort te begin "waar die pyn is" (vgl. Johnson, 1990:241). Pieterse (2001a:86 e.v.) beskryf die hermeneutiese sirkel waarin Secundo

die homiletiese proses (in ’n konteks van armoede) laat opgaan soos volg:

- Die homileet begin by die eksistensiële ervaring van die hoorders (in hierdie geval en volgens Secundo, hoorders in ’n konteks van armoede). Die homileet staan in die skoene van armes en analiseer die samelewing vanuit hulle perspektief.
- Vanuit die verstaan van die samelewing deur die oë van armes word die ideologiese idees van die samelewing krities beoordeel. Dit sluit godsdienstige, kerklike en teologiese idees in. Daar kan verwag word dat die oorheersende godsdienstige idees deur die waardes van die middelklas en rykes oorheers sal word.
- Die derde stap is om die tekste van die Bybel in die eksegese met hierdie situasiedeurdrenkte perspektief te benader (Gadamer se voorveronderstellings). Dit beteken dat die homileet ook met agterdog na die gangbare eksegese sal moet kyk.
- Vanuit die invalshoek van dié benadering (die konteks van armoede) word gekom tot ’n nuwe verstaan van die Bybelse boodskap. Hierdie invalshoek lei tot die ontdekking van belangrike Bybeltemas soos geregtigheid en bevryding wat deur die tradisionele verstaan (vanuit die konteks van die meer bevoorregte interpreteerders soos teoloë en predikers) nie raakgesien is nie. Die teks kom op ons af met nuwe wêrelde wat ons sieninge deur die “self” van die teks beïnvloed en transformeer. Dan word dit moontlik om ’n nuwe, verrassend-bevrydende woord oor die Woord en handelinge van God te bring aan mense in nood en vertwyfeling as gevolg van armoede.

Pieterse het duidelik wegbeweeg van die tradisionele liniêre aanbieding van die homiletiese proses (uitleg-toepassing) na ’n dialogiese struktuur wat op ’n kritiese wyse spiraal tussen die konteks van die leser/homileet/hoorders en die Bybelse teks. Al word daar deur die sleutelbegrip van omkering steeds met die vrymagtigheid van die Woord rekening gehou, sou ’n homileet wat die kommunikatiewe struktuur in die preekmaakproses volgens ’n sirkulêre of spiraalgang aanbied en struktureer, nogtans baie versigtig behoort te wees dat die boodskap van die Bybelse teks nie gerelativeer word nie. Die boodskap van die teks in die gesagvolheid daarvan kan vereng of aangepas word deurdat die teks en die problematiek van die hoorders in die relevante eksistensiële betrokkenheid daarvan mekaar ontmoet op dieselfde basis (en nie meer in ’n ongelyke relasie nie).

## 4. ’n Eie benadering tot kommunikatiewe struktuur

Vervolgens word gepoog om ’n eie benadering tot die kommunikatiewe struktuur wat in die preekmaakproses ter sprake kom te verantwoord en nader te omlyn.

### 4.1 Inleidend

In die inleidende deel van hierdie artikel is aangedui dat met die navorsingsvraag gewerk word of daar in die aanbiedingswyse en strukturering van die tradisionele gereformeerde homiletiese benadering nie sprake is van ’n oorvereenvoudigde kommunikatiewe struktuur wat nadere omlyning of verdieping benodig nie. Die teoretiese onderbou van die tradisionele gereformeerde benadering en die kommunikatiewe struktuur wat daaruit voortvloei, is daarom nagegaan (Hoofpunt 2). Ook is onlangse homiletiese pogings verken om in die lig van die eietydse konteks ’n dialogiese kommunikatiewe struktuur vir homiletiese teorie te ontwikkel (Hoofpunt 3). Vervolgens word daartoe oorgegaan om ’n eie siening oor die homiletiese proses te verantwoord ten opsigte van ’n kommunikatiewe struktuur. Binne hierdie selfstandige siening impliseer die homiletiese proses dat die primaat van die teks, die voorveronderstellings van die homileet en die eie aard van hoorders se denk- en leefwêreld in ’n organiese verbintenis met mekaar gebring word.

In hierdie eie benadering word ’n bewustelike poging aangewend om die prediking nie te laat opgaan in ’n oorvereenvoudigde monologiese eenrigtingstruktuur (liniêre kommunikasie) nie. Aan die ander kant word ook gepoog om die prediking nie te laat opgaan in ’n sirkulêre struktuur nie. ’n Sirkulêre struktuur loop naamlik die gevaar om die boodskap van die teks te relativeer, aan te pas en te vereng deurdat die gesagvolle teks en die problematiek van die hoorders in die relevante eksistensiële betrokkenheid daarvan, mekaar op dieselfde basis ontmoet of met betrekking tot verstaanshorison net deels oor mekaar skuif. Die sirkulêre, kommunikatiewe struktuur kan ontwikkel in ’n proses waarin die waarheid relatief gemaak word. Waarheid word dan ontdek langs die weg van tese, antitese en sintese waarin steeds dieper in ’n bepaalde vraagstuk ingedring word, soortgelyk aan die struktuur van die klassieke Platoniese dialoog. Waarheid word deur woord en wederwoord geskep. Die Nuwere Hermeneutiek soos dit in die denke van Gadamer na vore kom, loop die gevaar om so te konsentreer op die manier waarop die betekenisdraagwydte van die teks pas by die perspektief van die interpreteerder se ervaringswêreld, dat die

geldigheidskriteria om die teks verantwoord te verklaar (volgens die ware bedoeling daarvan) op die agtergrond verdwyn (vgl. Johnson, 1990:226). Vanhoozer (2005:91) vra na aanleiding van die breë basis waarop filosowe soos Gadamer en Ricoeur interpretasie plaas, of waarheid nie verlore gaan wanneer daar nie meer vasstaande feite is nie, maar bloot verskillende histories gelokaliseerde interpretasies.

### 4.2 ’n Derde weg in die besinning oor kommunikatiewe struktuur

In ’n eie benadering word ’n derde weg opgegaan in die besinning oor kommunikatiewe struktuur in die preekmaakproses. Daar word naamlik gepoog om erns te maak met die gesag van die Woord, sowel as die volle implikasies van die homileet se vooronderstellings. Ook word erns gemaak met die posisie van die hoorders wat in besondere omstandighede in ’n lewende verbondsverhouding met God leef. Binne dié gekose benadering word ook erken dat die hoorders in ’n werklikheid verkeer waarin daar nie alleen kontinue aspekte tussen die teks en hedendaagse hoorders is nie, maar ook diskontinue elemente.

#### 4.2.1 Stott: ’n dubbele luisteraksie

In hierdie soeke na ’n derde weg kan aangesluit word by Stott (1992:28) wat ’n pleidooi lewer vir dubbele luister deur die homileet:

> I am not suggesting that we should listen to God and to our fellow human beings in the same way or with the same degree of deference. We listen to the Word with humble reverence, anxious to understand it, and resolved to believe what we come to understand. We listen to the world with critical alertness, anxious to understand it too, and resolved not necessarily to believe and obey it, but to sympathize with it and seek grace to discover how the gospel relates to it.

Dit is duidelik uit Stott se redenasie dat alhoewel daar met volle aandag en gelyktydig na sowel die teks as die hoorder geluister word, elkeen van die luisterhandelinge deur ’n verskillende gerigtheid gekenmerk word. Na die Woord word geluister met nederige eerbied en met die ernstige voorneme om onvoorwaardelik te glo wat daarin geopenbaar word. Die Woord het gesag. Alles wat die hoorders nodig het om te hoor is reeds daarin opgesluit. Daar word egter met ’n ander gerigtheid na die hoorders geluister: daar word met kritiese aandag na die hoorders geluister om presies te bepaal hoe hulle dink, hoe hulle redeneer, wat hulle gesindheid is,

wat die hart is van die problematiek waarmee hulle worstel. Die doel van die hierdie luisteraksie is om die presiese invalshoek te bepaal waarvolgens die Woord met die gesagvolle boodskap daarvan in hierdie situasie ingesny behoort te word.

### 4.2.2 Zu Uptrup: ’n ruimtelike model vir "Gestalthomiletik"

In ’n poging om die derde weg in die bepaling van die kommunikatiewe struktuur van prediking nader te omlyn kan verwys word na onlangse ontwikkelinge in homiletiese teorievorming. Zu Uptrup (1986:24) omskryf die grondmodel van die tradisionele "Verkündigungshomiletik" as ’n liniêre benadering waarin die prediker soos ’n swemmer deur ’n sterk stroom van die teks na die prediking toe gedra word. Daarteenoor word die grondmodel van die "Situationshomiletik" gekenmerk deur ’n gelykvlak waarop teks en situasie gelyktydig die twee brandpunte van ’n ellips vorm en aandui of daar tussen situasie en teks ’n verstaansirkel tot stand kom. Daarteenoor wil Zu Uptrup ’n derde weg opgaan waarin ’n ruimtelike model vir "Gestalthomiletik" ontwerp word. In die ruimtelike model word onderskei tussen die ruimte van refleksie en die ruimte van meditasie. Op die oppervlakte (in die dimensie van refleksie) word op rasionele vlak met teksondersoek en die betrokkenheid daarvan op die situasie van die hoorder gewerk. Op die onderliggende dieptevlak van meditasie word in die kommunikatiewe struktuur van die preekmaakproses ingedaal tot in die diepte van gebedsgemeenskap met God. Die onderliggende waarheid van die teks word nagespoor in die meditatiewe situasie van gemeenskap met die lewende God in gebedskommunikasie. Die diep grond van die geloof dat Jesus Christus gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is, vorm die basis vanwaar die refleksiegang tussen teks en hoorder op die oppervlakte van die homiletiese proses bepaal word. Sonder die indaal in hierdie onderliggende dieptegrond van die geloofsdimensie sou waarhede verborge bly wat op die oppervlakte deur ’n blote rasionele verstaansproses nie waargeneem sou word nie.

### 4.2.3 Immink: prediking as onderrig tot geloofsgroei

Immink (2004:92) wys op die manier waarop die tradisionele (kerugmatiese) manier van prediking met die sterk verkondigingslyn daarvan en die nuwe benadering waarin sterk klem gelê word op die hoor van die Woord en die resepsie van die hoorder, teenoor mekaar gestel word in die huidige homiletiese debat. Die ou model word as ’n deduktiewe benadering geëtiketteer, terwyl die nuwe benadering lynreg staan teenoor die ou benadering met sy

induktiewe benadering. In die ou benadering word die hoorder as passief voorgestel, terwyl die nuwe benadering aan die hoorders ’n aktiewe posisie in die volle sin van die woord sou gee. Die nuwe model word aangebied as ’n model waarin dialoog tot sy volle reg kom, terwyl die ou model as outoritêr getipeer word. Hierteenoor bepleit Immink (2004:109) ’n derde weg waarin die uitgangspunte van sowel die ou benadering as die nuwere benadering tot hulle volle reg kan kom. Immink se benadering beklemtoon die gerigtheid van prediking as onderrig tot geloofsgroei. Die onderrigtende, lerende preek is nie alleen gefokus op geloof as ’n menslike bewustheid van God nie, maar ontvou die rykdom en volheid van God en die koninkryk van God. Die onderrigtende prediker is nie primêr besig om aan te pas by die behoeftes van die hoorders nie, maar bring die hoorders in die teenwoordigheid van God se koninkryk soos dit tot stand gebring is deur die Messias van Israel. Die menslike horison word verbreed en die werk van die Skepper en Verlosser verlig en deurlig ons menslike bestaan. Hierdie onderrigtende model bied volgens Immink ’n alternatief in die voortslepende debat tussen die kerugmatiese en subjektief-ervaringsgerigte modelle vir prediking.

Vir die homiletiese benadering wat klem lê op die hoorder, kan “prediking as vorming van geloof” reg laat geskied aan die menslike subjek. Christus word nie alleen verkondig nie, maar ook in die geloof aktief omhels deur die hoorder. Net so sou die onderrigtende model ook die kerugmatiese benadering tot sy volle reg kan laat kom. Deur onderrig in geloofswaarhede word die hoorder sistematies ingelei in die waarheid oor God en sy koninkryk.

### 4.2.4 Douma: Christus die Begin, Middel en Einde van alle prediking

’n Verdere aanknopingspunt vir die formulering van ’n derde weg word gevind in die denke van Douma (2002:1) wat meen dat homiletiese diskussie nie in bestaande begripskaders vasgevang behoort te word nie. Vassteek by ’n meganiese toepassing van die uitleg-toepasstruktuur kan ’n rigiditeit in die denke bring. Prediking behoort nie in die kaders van heilshistoriese prediking, of bevindelike prediking, of verbondsmatige prediking, of eksegetiese prediking of hoorder-gerigte prediking ingeforseer te word nie, maar behoort gestalte te kry in Christus alleen en die gemeenskap met Hom. Christus behoort die Begin, Middel en Einde van alle prediking te wees.

## 4.3 Pneumatologiese geloofsverankering in Christus

Die dieptedimensie in die omskrywing van die kommunikatiewe struktuur wat in die preekmaakproses ter sprake kom, is van wesenlike belang. In hierdie verband moet dus daarop gelet word dat die gemeenskaplike noemer in Zu Uptrup, Immink en Douma se benaderings inhou dat in die bestaande begripskaders waarmee in homiletiese denke gewerk word, gesoek moet word na die onderliggende geloofstruktuur van geloofsverbondendheid aan die lewende Christus.

Die ankerpunt vir 'n derde weg wat in hierdie artikel voorgestel word, is die Pneumatologiese begronding van prediking en die kommunikatiewe struktuur wat tot stand kom in die geloofsverbintenis met Christus. Onder leiding van die Gees van Christus sal die *prediker* met sy voorveronderstellings en die verengende verstaanshorison wat dikwels daarmee gepaard gaan, in nederigheid bid om vervul te word met die gesindheid van Christus. Alleen wanneer die prediker met die gesindheid van Christus vervul is, kan hy ook deur die liefde vir die huis van die Vader vervul word en niks anders wil leer as die wil van die Vader wat in die teks geopenbaar word. Slegs onder leiding van die Gees van Christus kan hy in die volle waarheid gelei word wat in die teks opgesluit is. Alleen onder leiding van die Gees van Christus kan die inhoud en implikasies van die teks wat geestelik beoordeel moet word, ontsluit word (vgl. 1 Kor. 2:14). Na aanleiding van Matteus 11:27 kom Calvyn (*Inst*., 4.8.5) tot die gevolgtrekking dat elkeen wat tot die ware kennis van God wil kom, alleen gelei kan word deur die ewige Wysheid van God soos dit in die tweede persoon van die Goddelike Drie-eenheid beliggaam word. Hoe kan enigiemand die geheimenis van God verstaan of verklaar sonder dat dit aan hom geleer word deur die enigste Een aan wie die goddelike geheimenis bekend is? God maak Homself op geen ander manier bekend nie as deur sy Seun, sy unieke Wysheid, Lig en Waarheid.

Dit is ook slegs onder leiding van die Gees van Christus dat die prediker met die regte gesindheid vervul sal word ten opsigte van sy *hoorders* en hy die gepaste invalshoek kan bepaal waarvolgens die Woord tot in die hart van hulle situasie ingesny kan word. Christus het sy hoorders innig jammer gekry omdat hulle soos skape sonder 'n Herder is. Dit is Christus van Wie daar gesê is dat niemand Hom iets van 'n mens kon leer nie, omdat Hy die hart van mense geken het. Sy woorde en sy optrede tydens sy aardse lewe was daarop gerig om tot in die diepste bestaansnood van sy mense in te dring, vir hulle die volle waarheid oor hulle lewe te wys en vir hulle die

rykdom van verlossing te bring. Hy ken mense beter as wat hulle hulleself ken. Hy gee vir hulle om ver bo dit wat hulle ooit kon bid of dink. Stott (1982:154) beklemtoon ook dat Christus gepreek moet word as die kontemporêre Christus; nie as ’n mitiese Christus wat nie in ’n lewende verhouding met die werklike wêreld staan nie, maar as die Christus van die huidige tyd; iemand wat nou leef en elke menslike nood in die ryke verskeidenheid daarvan kan deurbreek:

> One of the most fascinating of all the preacher`s tasks is to explore both the emptiness of fallen man and the fullness of Jesus Christ, in order then to demonstrate how he can fill our emptiness, lighten our darkness, enrich our poverty, and bring our human aspirations to fulfilment. The riches of Christ are unfathomable (Eph. 3:8).

### 4.3.1 Kerugmatiese dialoog

In die prediking word die hoorders in ’n lewende ontmoeting met Christus gebring en in ’n dialoog betrek wat as kerugmatiese dialoog getipeer kan word. Die Woord van die lewende Christus en die hoorder ontmoet mekaar nie op gelykvlak nie, sodat die hoorder nie in die posisie kan verkeer om regter te kan speel oor die relevansie van die Woord nie. In die verkondiging kom sake aan die orde wat geen oog gesien het en geen oor gehoor het en wat in die hart van geen mens opgekom het nie. In geloofsgehoorsaamheid sal gebuig word of in ongeloof teruggedeins word voor die gesag van die Woord en vir die deurdringende manier waarin dit die diepste waarheid oor die eie lewe onthul. Sonder geloofsverankering in Christus sou ’n homileet nooit ’n woord kon bring wat hierdie besondere dialogiese struktuur vertoon nie en sou die prediking óf in ’n irrelevante monoloog ontaard óf in ’n sirkelgang wat in ’n kringloop van relativisme vasgevang raak.

### 4.3.2 ’n Geskikte invalshoek

Dit is ook alleen onder leiding van die Gees van Christus dat die homileet ’n geskikte invalshoek kan bepaal om die Woord in te sny in die situasie van die hoorder. Volgens Johnston (2001:89) behoort die homileet se fokus in ’n postmoderne konteks weg te skuif van die vraag: “Hoe moet ek die Bybel verdedig teen mense wat dit net as ’n gewone, feilbare boek beskou?” na die strategiese vraag: “Hoe kan ek hulle so ver kry om die Bybel te ondersoek en te sien dat dit waar is?” In wysheid en geduld behoort ’n lang pad met die hoorder geloop te word – ’n pad waarop besef word dat daar nie van

postmoderne hoorders vereis kan word om dadelik te glo wat die prediker sê nie. Hulle het tyd nodig om dit wat gekommunikeer word, te weeg. Die prediker behoort die hoorder toe te laat om te sien watter proses daar gevolg is om by geloofsekerheid uit te kom. Die homileet behoort hoorders te laat sien dat hy ook met die geloof geworstel het voordat hy by 'n vaste oortuiging uitgekom het.

### 4.3.3 Kontinuïteit en diskontinuïteit

Die homiletiese hantering van kontinuiteït en diskontinuïteit in die verhouding tussen die konteks van die teks en die konteks van die hoorder sal ook in geloofsverankering in Christus geskied. Alleenlik in Christus, die Krag en Wysheid van God, kan die homileet gevrywaar word van resepmatige, geykte en oorvereenvoudigde formulerings wat vreemd en irrelevant klink vir 'n hoorder wat met 'n eiesoortige problematiek worstel. Of dit individualisme, pluralisme, relativisme, skeptisisme of hedonisme is waarin die element van diskontinuïteit in die hedendaagse kultuur na vore kom (vgl. Vos, 1995:4), dit is Christus alleen wat diskontinuïteit kan oorbrug deur sy lewende teenwoordigheid, wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Dit is Christus alleen wat die heil wat bestem is vir gelowiges van die begin van die wêreld tot die voleinding daarvan lewenskragtig kan laat deurbreek in die hoorder se konteksbepaaldheid.

### 4.3.4 'n Kommunikatiewe struktuur volgens 'n ruimtelike model

'n Kommunikatiewe struktuur wat volgens 'n ruimtelike model diepgang vind in die geloofsverankering in Christus, sou in die homiletiese proses soos volg ingeklee kon word:

- In die homiletiese proses word nie 'n eendimensionele liniêre lyn gevolg waarin eers na die teks geluister word en daarna na die hoorder nie, maar daar vind 'n dubbele luisteraksie plaas waarin terselfdertyd met intensiewe aandag, maar met 'n verskillende gerigtheid na die teks en die hoorder geluister word. Dit is met diepe, worstelende verlange om die wil van God kristalhelder te sien en met die inspanning van gedeë konteksbepalende eksegese en hermeneuse dat die homileet sy hele hart, verstand, wil en kragte uitgiet in besig wees met die Woord van God. Met dieselfde intensiewe, selfverloënende aandag word na die hoorder geluister met die doel om die Woord nie in die lug te laat bly hang nie, maar dit so presies moontlik te laat grondvat op die vlak waar die hoorder homself/haarself verbind. Sodoende word gepoog om die Woord met chirurgiese presiesheid en teen die

regte invalshoek tot in die hart van die hoorder se lewe in te sny. Hierdie dubbele gerigtheid op die Woord en die hoorder is verteenwoordigend van die oppervlaktestruktuur van die homiletiese proses.

- In ’n ruimtelike model word egter ook rekening gehou met die onderliggende dieptestruktuur van geloofverankering in Christus. Die hele homiletiese proses (die begin, middel en voleinding van die proses) geskied in geloofsverankering in Christus. Daar word in voortdurende gebedsgemeenskap in die naam van Christus bewustelik in die lewende teenwoordigheid van God ingetree. Daar word gevra vir sy genade vir elke tree op die homiletiese weg. Dit wat uiteindelik in die preek gesê word aangaande die Woord en aangaande insigte in die lewe van die hoorder, is iets wat in nederige afhanklikheid slegs uit die genadehand van God ontvang kan word. Die Woord word bedien met insig wat van Christus kom. Die hoorder word bedien met ’n insig in verborgenhede van die hart wat vir die oë van ’n mens grootliks ontoeganklik is. Christus alleen is die anker wat verseker dat die Woord in die dubbele luisteraksie nie by die situasie van die hoorder aangepas word nie, maar dat die Woord aan die ander kant nie abstrak in die lug bly hang en nie werklik tot die hart van die hoorder se lewe deurdring nie.

## 5. Slot

Op grond van die navorsingsgegewens wat in hierdie artikel na vore kom, kan samevattend die volgende gesê word:

- Die tradisionele aanbiedingswyse van gereformeerde prediking toon op die oppervlakte ’n sterk liniêre struktuur (vanaf Bybelteks na die hedendaagse hoorder). Die onderliggende dialogiese struktuur wat kenmerkend is van die geloofskommunikasie tussen God en sy mense asook die volle implikasies van diskontinuïteit tussen teks en hoorder, behoort egter verder verken te word.

- Die aanbiedingswyse van prediking in ’n kommunikatiewe struktuur wat dialoog tussen teks en hoorder in ’n sirkulêre gang laat opgaan, loop die gevaar om die boodskap van die teks in die ankerloosheid van relativisme te laat verval.

- Die moontlikheid van ’n derde weg moet in gereformeerde homiletiese denke ondersoek word. So ’n derde weg impliseer ’n ruimtelike model waarbinne homiletiese denke geanker word in Pneumatologiese geloofsverbondenheid aan Christus. Christus

alleen kan die geloofsoë oopmaak vir die volle, onveranderlike waarheid in die teks. Deur die oë van Christus alleen kan die hedendaagse hoorder in die volle implikasies van sy werklike status en toestand gesien word.

## Geraadpleegde bronne

BIJLSMA, R. 1977. De preek. Kampen: Kok.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens 1559. Deel 4. (Vert. H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

DE LEEDE, B. 2002. Preken moeten over het leven gaan. http://www.passievoorpreken.nl/home.tpl?rubriek=3&artikel=7 Datum van gebruik: 5 April 2006.

DINGEMANS, G.J.D. 1996. Preken in een postmoderne konteks. (*In* Nel, M., *red*. Prediking: kommunikasie in konteks. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke. p. 117- 134.)

DOUMA, J. 2002. Christocentrische prediking. http://www.passievoorpreken.nl/-home.tpl?rubriek=3&artikel=3 Datum van gebruik: 5 April 2006.

FRÖR, K. 1961. Biblische Hermeneutik: zur Schriftauslegung in Predigt und Unterrict. München: Kaiser.

HOEKSTRA, T. 1926. Gereformeerde homiletiek. Wageningen: Zomer & Keuning.

IMMINK, F.G. 2004. Homiletics: the current debate. *International Journal of Practical Theology,* 8(1):89-121.

JOHNSON, E.E. 1990. Expository hermeneutics: an introduction. Grand Rapids: Zondervan.

JOHNSTON, G. 2001. Preaching to a postmodern world: a guide to reaching twenty-first century listeners*.* Michigan: Baker.

KLOOSTER, F.H. 1984. The role of the Holy Spirit in the hermeneutical process: the relationship of the Spirit's illumination to biblical interpretation. (*In* Radmacher, E.D. & Preus, R.D, *ed.* Hermeneutics, inerrancy, and the Bible. Grand Rapids: Zondervan. p. 451-472.)

KRABBENDAM, H. 1984. The new hermeneutic. (*In* Radmacher, E.D. & Preus, R.D, *ed.* Hermeneutics, inerrancy, and the Bible. Grand Rapids: Zondervan. p. 533-558.)

LANGE, E. 1976. Predigen als Beruf. Stuttgart: Kreuz.

PARKER, T.H.L. 1992. Calvin's preaching. Louisville: Westminister John Knox.

PIETERSE, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 2001a. Prediking in 'n konteks van armoede. Pretoria: Unisa.

PIETERSE, H.J.C. 2001b. Sermon preparation in context. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(2):97-118.

PIETERSE, H.J.C. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(1):75- 101.

PIETERSE, H.J.C, GREYLING, S. & JANSE VAN RENSBURG, H. 2004. Die implikasies van P. Ricoeur se handelingsteorie vir die Homiletiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 19(1)89-118.

ROSSCUP, J.E. 1992. Hermeneutics and expository preaching. (*In* Mayhue, R.L., *ed*. Rediscovering expository preaching. Dallas: Word Publishing. p. 119-136.)

RUNIA, K. 1981. Heeft preken nog zin? Kampen: Kok.

RUNIA, K. 1983. The sermon under attack. Exeter: Paternoster. (The Moore College Lectures.)

RUNIA, K. 1985. Het hoge Woord in de lage landen: hoe er door de eeuwen heen in Nederland gepreekt is. Kampen: Kok.

STOTT, J.R.W. 1982. I believe in preaching. London: Hodder & Stoughton.

STOTT, J.R.W. 1992. The contemporary Christian: an urgent plea for double listening. Leicester: InterVarsity.

TRIMP, C. 1982. De actualiteit der prediking in het licht van het "Sola Scriptura" der Reformatie. Groningen: De Vuurbaak.

VAN DER WALT, J.J. 1985. Prediking wat God aan die woord laat kom. (*In* Van der Walt, J.J., *red*. God aan die Woord. Potchefstroom: Departement Diakoniologie. p. 2-16.)

VAN WYK, J.H. 2005. Die gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 39(1):175-192.

VANHOOZER, K.J. 2005. Lost in interpretation? Truth, Scripture and hermeneutics. *Journal of the Evangelical Theological Society,* 48(1):89-114.

VENTER, C.J.H. 1996. Prediking in die konteks van die eerste teks. (*In* Nel, M., *red*. Prediking: kommunikasie in konteks. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke. p. 14-26.)

VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding: homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

ZU UPTRUP, K.M. 1986. Gestalthomiletik: wie wir Heute predigen können. Stuttgart: Calwer.

**Kernbegrippe:**

gereformeerde prediking
kommunikatiewe struktuur
liniêre gang as kommunikatiewe struktuur
pneumatologiese geloofsverankering
sirkulêre gang as kommunikatiewe struktuur

**Key concepts:**

circular development as communicative structure
communicative structure
linear development as communicative structure
pneumatological anchoring of faith
reformed preaching